

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 29 Augustus 2021

VOTUM:

²Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie.

³Dit is Hy wat al my sonde vergewe,

wat al my siekte genees,

⁴wat my red van die graf

en my met liefde en ontferming kroon,

⁵wat my die goeie in oorvloed laat geniet,

my die jeugdige krag van die arend skenk.

SEËNGROET:

³Genade en vrede vir julle van

God ons Vader en die Here Jesus Christus,

⁴wat Homself vir ons sondes gegee het

om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld

en so die wil van God ons Vader te volbring.

⁵Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

SKRIFLESING:

Teks: Psalm 137 en 126

Tema: Die misterie van 'n droom

Psalm 77

In Psalm 77 het ons gesien hoe die persoon in ballingskap sit en bid. Aanvanklik was hy oortuig dat die Here hom sal verhoor maar twee verse later sien ons 'n totaal moedelse mens omdat die Here nie sy gebede verhoor het nie. Daarna het hy 'n worstelstryd oor God, "as ek in die nag lê en terugdink en peins, vra ek my af...". Hy vra vrae oor die genade, liefde, lojaliteit, beloftes en barmhartigheid van God. (Psalm 77:7-10). Maar dan kom hy by sy diepste seer: God handel nie meer soos hy vroeër



gehandel het. God het sy regterhand, wat sy magshand is, teruggetrek. Dan orden hy sy gedagtes en besef dat God heilig is en dat Hy die God van wonderwerke is

Psalm 137

In Psalm 137 is die Jode nog steeds in ballingskap en die trane rol as hulle terug dink aan die dae van Sion. Hulle het hulle liere aan die wilgerbome opgehang en die trauma van die ballingskap is nog vars in hulle geheue. (Psalm137)

Psalm 126

Psalm 126 handel oor die lotsverandering van die Jode. God het inderdaad nie Sy magshand teruggetrek nie. Soos Hy in die tydperk van die uittog uit Egipte gehandel het, handel Hy nou met die terug keer van die Jode uit Babiloniese ballingskap. Soos die Jode die magshand van God in Egipte ervaar het, so beleef hulle nou die magshand van God in Babel. In Psalm 126 is hulle terug in hulle tuisland en verskeie bouprojekte is suksesvol afgehandel. Daarna moes hulle begin om die ekonomie van die land weer op te bou.

Ons kyk vanoggend na die misterie van die lotsverandering van die Jode en *hoe* God al die tyd volkome in beheer was:

1. Traumatiese gebeure: geen drome meer. (Psalm 137)

- **Trane.**

Die trane van die Jode vloei as hulle by die riviere van Babel sit en aan Sion dink;

- **Lied van Sion.**

Die Babiloniërs vra hulle om 'n lied oor Sion te sing, maar daar was niks om oor te sing nie, "Hoe kan ons die lied van die Here sing in 'n vreemde land?" (vv. 2-6)

- **Geskree van die Edomiete**

Hulle onthou nog die geskree van die Edomiete dat Jerusalem tot op die grond afgebreek moes word. (v. 7)

- **Gille van die jong kinders**

Die angswekkende gille van jong kinders wat teen klippe verbrysel word, is nog in hulle geheue ingegraveer. (v. 8,9)

Inderdaad, daar was niks om oor te sing nie. Die Jode het geen toekomsverwachting gehad terwyl hulle aan die oewer van die Eufraat gesit het nie.



2. 'n Nuwe toekomsverwagting: Jerusalem moet weer uit die ruïnes opgebou word. (Ps 126)

*“Toe die Here die lot van Sion verander het,
was dit vir ons soos 'n droom.” (v. 1)*

- **Hoe God werk**

In hierdie gedeelte word 'n uiteensetting gegee oor *hoe* die Here die lot van Sion verander het en **die misterie** van Sy werk:

2.1 Nuwe droom: Jerusalem gaan uit die ruïnes opgebou word.

- **Brief van Jeremia 29**

In 'n brief aan die Joodse leiers in ballingskap skryf Jeremia dat die Here die lot van Sion oor preies sewentig jaar gaan verander. Hy gaan Babel straf en die Jode gaan na Jerusalem terug keer, “Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! (Jeremia 29)

- **Jesaja**

Jesaja skryf dat Jerusalem en die stede van Juda weer bewoon sal word, “Hulle moet weer opgebou word, en Ek self bou Jerusalem se ruïnes weer op.” (Jesaja 44:26)

2.2 Kores is God se instrument in die vervulling van drome. (Jes 44:28-45:3)

- **Roeping en opdrag.**

Die Here het Kores as Sy herder aangestel wat sy wil moes uitvoer, “Jy moet van Jerusalem sê: “Hy moet weer opgebou word en die tempel moet herstel word.”

2.3 Die val Babel (Jesaja 45)

- **Eufraatrivier**

Die Eufraatrivier word deur die ingenieurs van Kores oor 'n tydperk van drie jaar droog gelê. (Jesaja 44:27)

- **Poorte van Babel**

Met die nag van die inval van Babel, gee die generaals van die Babiloniese weermag opdrag dat die poorte van Babel oopgemaak moet word. (Jesaja 45:2)

- **Skatkamers**

Die skatkamers van Babel val in die hande van Kores. (Jesaja 45:3)



- **D-dag: hand teen die muur**

In die nag waarin Babel aangeval is, vier Belsasar, die koning van Babel, saam met sy amptenare fees. Toe hulle weer sien skryf 'n hand iets teen die muur. Hy laat vir Daniël kom om te verduidelik wat dit beteken. Daniël gee die volgende verklaring:

Geweeg: u is geweeg en te lig bevind.

Verdeel: u koninkryk is verdeel en aan die Mediërs en die Perse gegee.

Daardie nag is koning Belsasar vermoor en het Kores Babel sonder slag of stoot ingeneem. (Daniël 5)

2.4 Dekreet van Kores. (Esra 1)

- Hierna vaardig Kores die volgende dekreet uit:
"Die Here het my beveel om vir Hom 'n tempel in Jerusalem in Juda te bou."

2.5 Vervulde droom: opgebou uit ruïnes. (Esra 1-6)

- Die Jode keer na Jerusalem terug en begin om onder die moeilikste omstandighede Jerusalem en die tempel op te bou. Die tempel is voltooi in die sesde jaar van die regering van koning Darius. Die Joodse gemeenskap het die inwyding van die tempel met vreugde gevier.

Ons het gelag en gesing.

Onder die nasies het hulle gesê:

"Die Here hét groot dinge aan hierdie mense gedoen."

Die Here hét groot dinge aan ons gedoen; ons was bly." (Psalm 126:2,3)

3. Die realisering van die droom: harde werk (Psalm 126:4,5)

- **Ekonomie en infrastruktuur**

Die ekonomie moes weer opgebou word. Hulle moes van vooraf die grond bearbei, koring saai, olyfbome en druiweprieële plant en die kuddes moes weer opgebou word. Dit het lang ure en harde werk geveer.

- **Gebed om sukses**

Verander tog ook nou ons lot,
Here, soos U droë spruite in die
Suidland in waterstrome verander.



- **Moeisame en lang ure**

Wie met *trane saai*,

sal die oes met gejuig inbring.

Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra,

hy kom juigend terug terwyl hy *sy gerwe* dra.

SAMEVATTEND:

Voltooide siklus van God se misterie.

- **Opgebou uit ruïnes:**

Die Jode se trauma was beperk tot sewentig jaar. Daarna keer hulle terug met 'n nuwe toekomsverwagting: **hulle toekoms moet uit ruïnes weer opgebou word.**

- **Moeisaam en langure:**

Deur harde werk is Jerusalem, die tempel en ekonomie weer uit die ruïnes opgebou. In die proses was God volkome in beheer.

- **Covid19:**

Covid19 het ook 'n vasgestelde tyd. Na die ruïnes van Covid 19 sal ons ook weer kan bou aan 'n nuwe toekoms. **AMEN.**

SEËNBEDE:

²⁴Die Here sal julle seën

en julle beskerm;

²⁵die Here sal tot julle redding verskyn

en julle genadig wees;

²⁶die Here sal julle gebede verhoor

en aan julle vrede gee!



OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor: kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

Met trots geborg deur:

An advertisement for 'The Pie Crew Winmore'. The top section features a collage of images: on the left, several golden-brown pies on a white plate; in the center, a hand holding a pie with a logo that says 'THE PIE CREW' inside a diamond shape with a top hat and a mustache; on the right, a burlap sack labeled 'COFFEE' spilling dark coffee beans. Below this collage is a black rectangular box with white text. The text reads 'www.thepiecrew.co.za' at the top left, 'THE PIE CREW' in large, bold, serif font in the center, and 'WINMORE' in a slightly smaller, bold, serif font below it. At the bottom of the black box, two email addresses are listed: 'thepiecrew1@gmail.com' and 'thepiecrew.winmore@gmail.com'.

www.thepiecrew.co.za

THE
PIE
CREW

**THE PIE CREW
WINMORE**

thepiecrew1@gmail.com
thepiecrew.winmore@gmail.com



THE PIE CREW

The Pie Crew not only gives you great pies but we give you loads of flavour...

Become part of...The Pie Crew...Family!! We produce & distribute Frozen Handmade Pies to the retail sector to bake up at home, for you to enjoy a gourmet meal from your own oven!

Webwerf: <https://www.thepiecrew.co.za/>

Facebook: <https://www.facebook.com/the.piecrew/>

Instagram: https://www.instagram.com/the_piecrew/

